

Saterdag 16 September

Skrifgedeelte: Jesaja 25:1-12 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jesaja 25:6, 9

Die Here bied 'n feesmaal aan!

Die boek Jesaja bestaan uit profetiese uitsprake van gebeure voor, tydens en na die Babiloniese ballingskap van Israel (586-539 vC). Israel was in ballingskap weens hulle ongehoorsaamheid aan God. Die groot troos is dat God die gang van die geskiedenis bepaal. Enersyds oordeel die Here en andersyds gee Hy die belofte van redding.

In Jesaja 25:6 staan dat die Here 'n feesmaal vir al die volke gereed gaan maak. Oorwinning in die Here sal gevier word. Die mag van die dood en die sonde sal gebreek word. God vee as Vader die trane af. Vir die oorblyfsel van Israel het dit werklikheid geword, want hulle is na Jerusalem teruggelei.

God stuur sy Seun, Jesus Christus, om redding te kom gee! Deur Jesus Christus verander alles vir die mens en die skepping. Jesus word gespot, gekruisig. Hy word deur God verlaat en Hy beleef die angste van die hel. Hy oorwin die dood, die sonde en Satan! Hy gee aan jou genade. Jesus kom weer, en dan sal ons die bruilofsfees van die Lam in sy volheid beleef. Dan sal God die Vader ons trane finaal afvee. Dan is die seerkry van die sonde verby, finaal (Op. 21:4)!

Intussen? Jy is nie alleen nie. Die Heilige Gees is in jou en die Woord lei jou. God skenk aan jou medegelowiges om saam die stryd te voer en nou reeds saam die oorwinningsfees te leef. Dit is waarom ons nagmaal vier. Mag die Heilige Gees jou laat vashou aan die redding en vreugde wat Hy as God die Vader, Seun en Heilige Gees aan jou gee.

Deel jou vreugde van redding met dié wat nog soek en smag na God.

Sing: Psalm 48-1:5

Ds. Joop van Schaik (Randburg)